NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: SEPTEMBER 2021 (bl.2)

STAY HOME
SAVE SOUTH AFRICA

WATER is steeds 'n krisis in Williston en Sutherland. Inwoners word ernstig versoek om water spaarsamig te gebruik.

Versoek asseblief u mede-inwoners om nie water te mors nie.

SUTHERLAND :WATER

'n Bedrag van R10 miljoen is gedurende Augustus 2021 goedgekeur vir die Noodwaterprojek in Sutherland. R5 miljoen van die fondse is reeds ontvang.

Die Hidroloog is tans besig met sy studies en sodra die gate geboor is sal die nodige toetse gedoen word om te sien of die gate standhoudende water verskaf en volhoubaar sal wees. Daarna sal 'n kontrakteur aangestel word om twee van die gate toe te rus wat by ons huidige netwerk sal inskakel.

PROJEK TE WILLISTON

Die Opgradering van die Interne Waternetwerk – Fase 1 het reeds afgeskop. JVZ Kontrakteurs is aangestel en is besig met die werke. Indien enige waterprobleme ondervind word gedurende die tyd word u versoek om dit so spoedig moontlik te rapporteer aan die bystand-nommer.

VERSOEK VAN FINANSIES DEPARTEMENT

Die Gemeenskap word aangemoedig om hul maandelikse dienste te betaal. Dit is die enigste manier wat ons kan verseker dat volhoubare dienste gelewer kan word. Die Munisipaliteit is ook bewus van die hoë kostes van elektrisiteit en is in gesprekvoering met ESKOM om die krag-aankope tarief te hersien. Alternatiewe elektrisiteitsbronne word ook tans ondersoek.

AANSOEK VIR DEERNIS KORTINGS/ SUBSIDIES

Die publiek word aangemoedig om aansoek te doen vir subsidies (deernis-kortings) vir die 2021/2022 finansiële boekjaar. Vorms is verkrygbaar by al die munisipale kantore asook by u wyksraadslede en CDW's.

2,5% KORTING WORD OOK TOEGESTAAN OP ERFBELASTING WAT TEN VOLLE BETAAL IS VIR DIE 2021/2022 FINANSIËLE BOEKJAAR VOOR OF OP 30 SEPTEMBER 2021.

ERNSTIGE VERSOEK AAN INWONERS VAN AMMERVILLE EN ANDER DORPE:

Versoek dat inwoners let op wat in hul riooldreine afgegooi word. Groot skade word aangerig aan die pompe en motors as daar lappe, matte, bottels, ysters, skaapvelle, blikke, besems en ander items in die dreine beland. Dit is ekstra kostes wat aangegaan moet word om spesialiste te laat kom om die herstelwerk te doen.

Help asseblief om ons dorpe skoon te hou! Gooi vullis in asdromme en sit die swartsakke slegs uit op die dae wanneer vullisverwydering gaan plaasvind.

VANDALISME BY MUNISIPALE EIENDOM

Vandalisme bly steeds 'n groot probleem veral by die begraafplase, museums, sportgronde/pawiljoene en sportgeboue, verkeerstekens, bome wat gebreek word in die strate asook die uitkap van bosse en hout wat gemaak word by die meentgronde.

'n Ernstige beroep word op die gemeenskap gedoen en ook op elke Wyksraadslid, Kerklike Organisasie, Staatsdepartement, skole, besighede en enige ander organisasies om hande te vat en oë oop te hou sodat vandalisme gerapporteer kan word en hokgeslaan kan word.